

VAN STAMVERWANTE BODEM

Dr. Rob van Roosbroeck het, in die Vlaamse tydskrif *Wetenschappelijke Tijdingen* (Jg. 28/I, Jan.-Febr. 1969), onder die titel *Brieven uit het belegerde Antwerpen (1584-1585)*, 'n insiggewende bydrae geskryf wat die leser meer insig gee in die verhouding tussen die Calviniste in die beleerde Scheldestad en hul bondgenote in Holland en Zeeland gedurende een van die mees kritieke tydperke in die geskiedenis van die Nederlande. Dit betrek hier die briefwisseling tussen die Antwerpse handelaar Andries van der Meulen aan sy broer Daniel wat die gewes Brabant in Delft verteenwoordig het. Andries het, na die val van Antwerpen, in Bremen gaan woon, terwyl Daniel tot vestiging in Leiden oorgegaan het. Lg. se argief het grotendeels bewaar gebly en op 'n deel van die korrespondensie tussen die twee broers is dr. Van Roosbroeck se bydrae gebaseer, waaruit die leser telkens weer kan aflei dat die beleerdes in Antwerpen volgens briefskrywer Andries van der Meulen onvoldoende steun van hul noordelike bondgenote ontvang het. In een van sy brieue gaan Van der Meulen sover dat hy die noordelikes verwyt dat hulle „het verderf van dese stadt, daer sy langhe tyt groote Jalousie op ghehadt hebben“ beeog het.

Dr. L. de Jong, direkteur van die Nederlandse *Rijksinstituut voor Oorlogsdocumentatie* (Amsterdam), is in 1955 amptelik belas met die skryf van 'n geskiedkundige reeks oor Nederland tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die eerste deel, *Het Koninkrijk der Nederlanden in die Tweede Wereldoorlog. I Voorspel* (664 bl., met afb.) (Staatsdrukkery, Den Haag), het in Februarie 1969 verskyn. Die een uitgawe is sonder, die ander met aantekeninge en die prys van e.g. uitgawe ongeveer R3-50. In die toekoms word nog agt of nege dele van die reeks verwag.

In *Voorspel* behandel die skrywer wat, soos dit wil voorkom, onbeperkte toegang tot argiefstukke gehad het, die voor-oorlogse tydperk. Hy beperk hom nie uitsluitend tot Nederland nie, maar skets ook dié verwikkelinge in die buurstate wat tydens die betrokke periode van belang vir Nederland was. O.m. behandel hy die ekonomiese krisis van die vroeë dertiger jare, die opkoms van Hitler, die verhouding tussen Nederland en Oos-Indië, die beleid van dr. Colijn, die opkoms van die NSB en die insinking na 1937, kleiner fascistiese groepe in Nederland, die brand in die Berlynse Ryksdaggebou, die Jodevervolging in die Derde Ryk, die verhouding tussen Nederland en Duitsland, politieke vlugtelinge, verdedigingsaangeleenthede en verdere verwikkelinge tot die uitbreek van die oorlog in September 1939.

Die deeglike wyse waarop die skrywer sy onderwerp behandel, wys daarop dat dit die eerste deel is van 'n gesaghebbende standaardwerk wat in die toekoms sal bekend staan as een van dié gesaghebbende Nederlandse werke oor die tydperk wat tans onder behandeling is.

In dieselfde verband vestig ons ook die aandag op die artikelreeks *Memoires van Mr. L. Einthoven* waarvan die eerste aflewing in *Elseviers Weekblad* (Amsterdam, 26.4.1969) verskyn het en, met betrekking tot sekere aspekte in die voor-oorlogse Nederland, 'n soortgelyke beeld gee as dr. De Jong se *Voorspel*.

Die jaar 1969 het, met betrekking tot Nederland, in die teken van Rembrandt en Desiderius Erasmus gestaan. Met betrekking tot lg. kan o.m. melding gemaak word van die bydrae *Erasmus van Rotterdam. Erasmus van nu*, wat in *Rotterdam*, jg. 7, nr. I, van die hand van Hans Redeker verskyn het. Op 27 Oktober 1969 was dit 500 jaar geleden dat Desiderius Erasmus in Rotterdam gebore is. Rotterdam herdenk hierdie gebeurtenis deur twee tentoonstellings en die verskyning van die eerste deel van 'n nuwe uitgawe van die versamelde werke van hom wat die geestelike en maatskaplike lewe van sy tyd sterk beïnvloed het.

In 1943 het, as deel 24 van die reeks van die uitgawes van die *Van Riebeeck-Vereniging*, M. D. Teenstra se bekende werk *De Vruchten Mijner Werkzaamheden, Gedurende Mijne Reize, Over de Kaap de Goede Hoop, Naar Java, En Terug, Over St. Helena, Naar de Nederlanden*, oorspronklik uitgegee deur H. Eekhoff, Groningen (1830) en in bovermelde reeks uitgegee en toegelig deur dr. F. C. L. Bosman, verskyn.

Op bl. xiii van die inleiding verwys dr. Bosman na Teenstra se verblyf in Suriname waar hy as 'n goewermentsamptenaar werkzaam was. Tewens noem hy, op dieselfde bladsy, 'n aantal publikasies van die hand van Teenstra wat uit sy verblyf in Suriname voortgevloeи het.

Met betrekking tot hierdie tydperk uit die veelbewoë lewensloop van Teenstra, het die Nederlandse Teenstra-kenner by uitnemendheid, mnr. J. S. van Heerden, in die tydskrif *Nieuwe West-Indische Gids* (jg. 46, nr. 2, Junie 1968), 'n waardevolle bydrae onder die titel *Marten Douwes Teenstra in Suriname, 1828-1834. Een Groninger pionier in de West* (pp. 164-175) gepubliseer. Uitgestuur deur die Nederlandse regering as landboukundige het Teenstra hom tydens sy verblyf in die Nederlandse kolonie aan die noordkus van Suid-Amerika beywer om die landbou, bosbou en veeteelt op 'n hoër peil te bring. Na vier jaar het hy sy werkkring met die van inspekteur van brûe, strate, paaie en waterwerke vir Paramaribo en omgewing verwissel om in 1834 na sy geboorteland terug te keer.

Uit hierdie jare dateer sy geskrif *Bijzonderheden betrekkelijk den brand te Paramaribo, in den nacht van den 3den op den 4den September 1832, benevens verdere pogingen op verschillende tijden en plaatsen tot brandstichting, gevolgd van den afloop der criminelle procedure tegen de daarin betrokkenen, aangeklagden en gedetineerden; alsmede dezelve sententie, gewezen bij het geregtshof te Suriname, en den afloop der executie van hetzelvige vonnis*, pp. 56, wat in 1833 te Paramaribo by J. J. Engelbrecht gedruk en uitgegee is.

Die outerskap van Teenstra is deur mnr. J. S. van Weerden vasgestel, terwyl Teenstra se naam en amp in 'n koerantberig vermeld is wat deur hom op p. 15 van genoemde publikasie weergegee is, as „den Heer Inspecteur van Bruggen, Straten, Wegen en Waterwerken.”

Ofskoon die onderwerp wat Teenstra hier behandel nie binne die raamwerk van ons verlede val nie, is dit wenslik om 'n paar besonderhede te verstrek aangaande die gebeurtenis wat Teenstra aanleiding tot die skryf van sy *Bijzonderheden . . .* gegee het. In 1821, t.w. op 21 en 22 Januarie, is Paramaribo deur 'n groot brand gedeeltelik in as gelê. O.m. het die kerkgebou van die plaaslike Ned. Hervormde gemeente in vlamme opgegaan. Die heropbou was nog nie voltooi nie toe daar, in die nag van 3 op 4 September 1832, 'n brand uitgebreek het wat sonder weerga in die geskiedenis van Paramaribo was. Die kerkgebou van die Lutherse gemeente, magasyne, pak- en woonhuise het in vlamme opgegaan. Die kerkgebou van die Lutherse gemeente is in 1744 gebou, in dieselfde jaar deur Johann Frederick Knöffel met 'n orrel beginlig, terwyl ds. Phaffius as eerste leraar van die gemeente werksaam was. Tydens die brand is ook 'n marmer gedenksteen, ter nagedachtenis aan die Engelse koopman William Leckie (oorlede 8.4.1824), vernietig. Ook het die Lutherse pastorie en die daarby behorende diaconie-huis verlore gegaan.

Altesame 46 woonhuise het verbrand, 13 is afgebreek en beskadig en die skade ten opsigte van roerende en onroerende goedere is op meer as R160,000 geskat. Behalwe dat Teenstra die brand in besonderhede beskryf, gee hy ook die verloop van die hofsaak weer waarby 'n aantal slawe as brandstigters betrokke was. 'n Aantal van hulle is ter dood veroordeel.

Dr. J. Ploeger.